Sing vooraf: Psalm 42:5 (p. 215)

5 Maar die HEER sal in my lewe / weer oordag sy guns gebied.
Ook deur donker nag omgewe, / sing ek nog my pelgrimslied.
Ja, ek lofsing in die nag, / want ek bly die HEER verwag;
my gebed sal opwaarts strewe / na die bronwel van my lewe.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 66:1, 9 (p. 320)

1 Juig, aarde, juig met blye galme, / laat jubels opstyg uit die stof!
Sing tot Gods eer jul dankb're psalme, / en maak Hom heerlik in jul lof.
Sy grootheid ken geen maat of perke, / geen grens is daar vir sy gesag;
die vyand sien met skrik sy werke / en buig hom kruipend voor sy mag.

9 Lof sy Gods goedertierenhede, / sy Naam sy ewig lof en prys!
Hy het gehoor na my gebede, / my onverhoord nooit afgewys.

Gebed

- ***Doksologie:***
- ***Aanbidding:***
- ***Skuldbelydenis:***
- ***Vergifnis:***
- ***Dank:***
- ***Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:***
- ***Algemene bede:***
- ***Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:***

Amen.

Psalm 34:2 (p. 166)

2 Kom, maak die HERE groot! / Laat ons sy Naam 'n lofsang wy,
aan Hom wat groot is en naby, / die helper in die nood.
Ek het in my gebed / Die HEER gesoek en Hy het my
in antwoord op my noodgeskrei, / uit al my vrees gered.

Skriflesing: 1 Petrus 2:1-10 (NB:Priesterdom) en Matteus 6:9-13

Teks: Matteus 6:9b. Kategismus Sondag 47

Só moet julle dan bid:Onse Vader wat in die hemele is, laat u Naam geheilig word;
(Matteus 6:9 AFR1953)

Ons bid in die *Onse Vader* dié woorde: Laat u Naam geheilig word.

Hoe kan 'n mens tog bid vir iets wat hy nie ken nie?

- Om te kan bid dat ons die heiligheid van die Here oor ons uitgestort wil hê, moet ons die heiligheid ken.
- Op hierdie punt word ons elkeen se priesterlike funksie beklemtoon, want dit is net die priesters wat in die allerheiligste van die Here ingegaan het.

Ons gee in hierdie preek aandag aan die volgende sake rondom die gebed:

1. Die verhouding tussen ons en die Ou-Testamentiese priester
2. Hoe leer ons die Here ken?
3. God die Heilige Gees en my gebed

1. Die verhouding tussen ons en die Ou-Testamentiese priester

Die priester in die Ou-Testamentiese bedeling het die priesters die gebede vir die volk behartig.

- By hierdie geleenthede moes die priester die Naam van die Here uitroep wanneer hy gebid het.
- Ons doen baie dieselfde as wat hulle gedoen het:ons gebruik ook die Naam van die Here as ons bid – dink byvoorbeeld aan die gebed wat die Here Jesus ons geleer het en wat ons nou net saam gelees het:
  Ons Vader wat in die hemele is, laat u Naam geheilig word!

Dit was van die begin van die geskiedenis af so.

- Kaïn en Abel het al vir die Here offers gebring omdat hulle sy Naam wou heilig.
- In die tyd van Set het die mense al die eerste eredienste in die Naam van die Here gehou.
- Hulle het dit natuurlik gedoen wanneer hulle geoffer en gebid het.

Op dieselfde styl was Abraham ook priester wat altyd gebid en geoffer het. Ons lees dat hy op elke plek waar hy gekom het, heel eerste 'n altaar vir die Here gebou en daar geoffer het.

Later van tyd het die Here besluit om 'n volk af te sonder wat Hom moet aanbid. Dis die volk Israel.

- Uit hierdie volk moes die Here Jesus Christus gebore word.
- Dit is waarom die Here Abraham geroep het en waarom Hy die volk in Egipte onderdak laat kry het.
- Toe hulle 400 jaar later 'n sterk volk geword het, het die Here hulle daar weggeneem na die land toe wat Hy aan Abraham beloof het.

Tot nou toe het elkeen van hulle nog maar soos in die voortyd 'n offer gebring wanneer hy gaan bid het.

Die Here het toe besluit dat die eredienste anders en op 'n meer vaste basis en op 'n meer geordende manier moet gebeur.

- Daarom het die Here by Sinaï een stam uitgesonder om die priesterwerk vir die Here te gaan doen, naamlik die Leviete.
- Hulle moes die volk lei wanneer daar gebid en geoffer moes word.
- Hulle was in hulle werk simbool van die volk wat eendag in die hemel sal wees, want in die hemel sal almal priesters wees wat met God sal kommunikeer deur gebed en aanbidding.

Maar u besef tog dat ons nie eendag in die hemel vir die eerste keer 'n biddende volk kan wees nie. Ons moet dit nou reeds wees. Daarom sluit die gedeelte wat ons gelees het, skerp daarby aan dat ons 'n

koninklike priesterdom moet wees.

Die priester se werk, soos wat dit in die Ou Testament was, is mos al uitgedien in die moderne tyd. Waarom moet ons dan priesters wees?

- Die priesters het baie werk gehad wat hulle in die sinagoge moes doen.
    - Hulle het onder andere geoffer en die eredienste in stand gehou.
- Dit is veral belangrik dat u moet onthou dat die priesters die mense was wat die gebede behartig het.

Wanneer ek en jy vandag nog bid, gaan ons presies soos die ou priesters na die troon van die Here toe – as jy met die Here praat, praat jy met Hom, dit maak nie saak in watter eeu dit gebeur nie.

- Ons is vandag net Christenpriesters, want ons gaan staan nie meer met offerdiere voor die Here wanneer ons bid nie.
- Ons gaan bid in die versoening van die Here Jesus Christus – en onder die leiding van God die Heilige Gees.

Ons is Christenpriesters wat in ons gebede deur Jesus Christus vryelik toegang tot God se genadetroon het.

- Hy is die werklike Hoëpriester van God.
- Hy is destyds aan die kruis geoffer sodat ons almal die toegang na die Here toe kan hê in ons persoonlike priesterwerk wanneer ons bid.

In die groot versoening wat die Here Jesus Christus vir ons gedoen het, het die plig om te bid 'n voorreg geword.

- Deur Hom het ons verander van mense wat vir die Here moet vlug omdat sy straf ons gaan doodmaak, na kinders van God toe.
- Deur ons ewige Hoëpriester se werk het ons verander sodat ons nou kinders is wat die Almagtige God van hemel en aarde as "ons Vader" kan aanspreek.

Wat het die priester in die Ou Testament gebid? Wat bid ons?

- Die priester het gebid dat die Here se Naam geheilig moet word.
- Ons bid dieselfde.
- Daarmee bid ons eerstelik dat die Here ons moet onderrig sodat ons Hom reg kan ken.

2. Hoe leer ons die Here ken?

Die feit is doodgewoon dat ons die Here net kan ken as Hy Homself aan ons openbaar.

- Ons kan die Here net ken as Hyself ons oë oopmaak om sy almag en wysheid te kan sien en verstaan.
- Daar staan in Romeine geskrywe dat die Here van die begin af voldoende uit sy werke in die natuur geken kan word.
    - Soveel dat niemand eendag die verskoning sal kan aanvoer dat Hy God nie geken het nie (Romeine 1:20).
    - Die betrokke woorde in die Romeinebrief het selfs betrekking op mense (heidene) wat nog nooit amptelike Woordverkondiging gehoor het nie – nie eers hulle sal vir die Here kan sê dat hulle Hom nie geken het nie.

Nou kom ons by onsself. Ons weet die dinge, maar ons sien dit nie altyd in die regte perspektief nie.

- Daarom is dit deel van ons gebed dat die Here ons moet laat verstaan, en ons oë moet oopmaak sodat ons Hom in sy werke kan ken.
- Die Here openbaar Hom hoofsaaklik op twee maniere aan ons, naamlik in die natuur en in die Skrif.

Kom ons kyk eerste na die natuur.

- In die die natuur sien ons dadelik die almag van God, want alles wat in die natuur bestaan, is deur die Here tot stand gebring.
- Hy onderhou dit nog steeds.
- Psalm 19 beskryf hoe die natuur die werke van die Here is, en hoe dit sy heerlikheid aan ons openbaar.

  Die hemele vertel die eer van God, en die uitspansel verkondig die werk van sy hande! Die een dag stort vir die ander 'n boodskap uit, en die een nag kondig vir die ander kennis aan. (Psalm 19:1-2) AFR1953)

Die boodskap is duidelik:

- Ons moet nie net uit die natuur leer van die almag van God nie.
- Ons moet ook soos die natuur voluit en met entoesiasme die lof en eer van God verkondig!

Kyk nog verder:

- Die seisoene kom en gaan – geen mens beheer dit nie.
  - Wolke vorm en reën val wanneer die Here dit so beskik.
- Daar kom voortdurend nuwe lewe in mense en diere wat gebore word, en in die plante wat groei.
- 'n Mag wat baie groter as enige mens is, onderhou en beskik al hierdie dinge:
  - God se almag onderhou dit.

'n Mens sal dit nie kan sien en verstaan as die Here dit nie aan jou openbaar dat dit sy almag is wat aan die werk is nie.

- Die natuur is die een manier waarop die Here Hom aan ons openbaar.
- Die ander manier waarop die Here Hom aan ons openbaar, is deur sy Woord.

Die Bybel openbaar baie dinge van die Here.

- Die Bybel begin met die openbaring van God se almag – die skepping vind plaas.
- God spreek net elke keer 'n woord, en die dinge is daar:
  - Aarde en water skei, water en water skei, die uitspansel is daar.
  - Lig, plante, diere bestaan elke keer na 'n bevel gegee is.

Genesis 1 en 2 openbaar dat God moeiteloos en met almag werk. Dit is die almag van God!

- Almag beteken om meer as magtig te wees.
- Dis egter nie goed genoeg dat ons net God se almag ken nie.
  - Ons moet ook die wysheid, goedheid, geregtigheid en barmhartigheid van die Here ken.
  - Om daarby te kan kom dat ons al hierdie dinge uit die werke van die Here kan ken, het ons geloof en insig nodig.
- Dit is dinge wat die Heilige Gees in ons harte bewerk.

Kom ons betrek dit op die gebed: *Ons bid daarmee dat die Here ons sodanig verryk en verruim met geloof en insig dat dit binne ons bereik kom om die Drie-Enige God ten volle uit sy werke te kan ken.*

Dis nie onbelangrik as ons so bid nie, want die ongelowiges lewe ook soos ons.

- Die genade van die Here laat oor hulle ook reën, net soos oor ons.
- Maar hulle het nie die vermoë om dit as die Here se seën te begryp nie.
    - Daarom dank hulle Hom ook nie daarvoor nie.
    - Hulle ken ook nie die genade van die Here nie.
- Daarom staan daar in Romeine 1:20 dat die Here hulle gaan straf, want dit was vir hulle moontlik om Hom uit sy werke te ken, maar hulle het nie.

Dit onderstreep die noodsaaklikheid daarvan dat ons sonder ophou moet bid en die Here moet dank vir sy genade!

- Dit sal nie vir ons moontlik wees om God die Here heilig te roem en te prys, as ons Hom nie eers bid om Hom te kan ken nie.
- Ons bid: Laat u Naam geheilig word", waarmee ons bid om as 't ware by die Here te kan skoolgaan en leer. Dawid het dit ook gedoen in Psalm 25:8:

  Die Here is goed en reg; daarom sal Hy sondaars leer aangaande die weg.

Of Psalm 25:4 waar hy bid dat die Here aan hom sy weë bekend moet maak, en hom die paaie van God moet leer. Dit is heeltemal ander woorde, maar die inhoud is dieselfde: Laat u Naam geheilig word.

3. God die Heilige Gees en my gebed

Ons gebed vir kennis van God is natuurlik terselfdertyd ook 'n gebed waarin ons smeek vir die inwoning van die Heilige Gees.

- Ons kan die Here tog nie ken as die Heilige Gees ons nie tot wedergeboorte en tot bekering lei nie.
- Ons kan ook nie die heerlikheid van God verstaan as ons nie self die eerste beginsels van heiligheid en heerlikheid in ons harte het nie.

Die Heilige Gees lei ons met die Woord van God om die openbaringe van God te ken en verstaan.

- As ons bid: "Laat U Naam geheilig word", dan bid ons dat die Here al hierdie dinge aan ons openbaar, en ons eie maak.

Net 'n gebed vir kennis is naturlik nie genoeg nie.

- Mens kan die kennis van die wêreld hê, maar as jy nie die krag het om jou oortuigings uit te leef nie, dan beteken alles niks.
- Dink maar aan die Satan.
    - Hy weet baie meer van die Here af as wat ons weet.
    - Hy ken selfs die Bybel op die punte van sy vingers.
    - En tog het hy met sy kennis en al teen die Here gesondig – so dat hy in die hiernamaals in die hel sal wees.

Daarom bid ons ook dat die Here sy Goddelike krag oor ons bevestig.

- Ons lees byvoorbeeld in Jesaja 65 dat die Here Hom laat vind deur die mense – selfs die wat nie na

Hom gevra het nie.
- As Hy Hom laat vind, dan gee Hy aan hierdie mense nuwe harte.

Onthou hierby ook die woorde van Esegiël 36:27:

> **En Ek sal my Gees in jul binneste gee en sal maak dat julle in my insettinge wandel en my verordeninge onderhou en doen.** (Esegiël 36:27 AFR1953)

NB: *En Ek sal My Gees in julle binneste gee, en sal maak dat julle in my insettinge wandel en My verordeninge onderhou en doen.*

Die Here maak dat ons in sy insettinge wandel. Dit klink soos musiek in ons ore.
- Dit beteken dat die Here nie net sy Naam op so ’n manier heilig dat ons al die groot dinge van Hom ken nie.
- Dit beteken dat God self in ons harte kom woon, en dat Hy met sy krag sorg dat ons die regte lewe lei.

Die Heilige Gees lei ons om te besef voor Wie ons werklik is wanneer ons bid.
- Afgesien van die natuur en die Woord van God, is die heerlikheid van God in Jesus Christus geopenbaar.
- Hy sterf om ons sondestraf aan sy liggaam te dra.
- Wanneer Hy sterf, word dit donker, rotse skeur, en dooies staan op uit die graftes – so erg is die straf wat Hy vir ons dra.

Dit is ’n openbaring van baie groot liefdesgenade.
- Liefdesgenade wat net verwerklik kan word deur iemand wat almagskrag het om uit liefde die geweld van God se toorn te kan dra.

Daarna gaan die openbaring van God se almag en heerlikheid nog verder:
- Hy word begrawe, maar Hy bly nie in die graf nie.
- Hy staan op uit sy graf en uit die dood. Verheerlik vaar Hy weg na die hemel toe.
- Met sy onbeperkte krag maak Hy nou plek gereed in die hemel om sy uitverkorenes daar te ontvang.

Ons moet elke dag in hierdie geloof lewe.
- Dink dan daaraan dat die Bybel die Naam van die Here in sy volle krag aan ons openbaar.
- Laat u dan deur hierdie besef lei sodat u die deursettingsvermoë aan die dag lê om onder geen omstandighede u beginsels prys te gee nie.

Bid gereeld en belewe die genade van die Here waar u in die gebed direk voor sy troon staan.
- Daar verseker die Here u ondubbelsinnig van sy liefde.
- Word daar versterk sodat u sonder huiwering kan leef tot Gods eer.

Kom ons kyk wat ons belydenisskrifte hieroor leer in die Heidelbergse Kategismus Sondag 47:

> ***Vraag 122: Wat is die eerste bede?***
>
> ***Antwoord:*** *Laat u Naam geheilig word. Dit is: Gee allereers dat ons U reg ken (a) en dat ons U heilig,*

roem en prys in al u werke waarin u almag, wysheid, goedheid, geregtigheid, barmhartigheid en waarheid so skitter (b). Gee verder dat ons ons hele lewe, gedagtes, woorde en werke daarop sal rig dat u Naam nie om ons ontwil gelaster nie, maar geëer en geprys word (c).
(a) Joh 17:3; Jer 9:24; 31:33, 34; Matt 16:17; Jak 1:5; Ps 119:105. (b) Ps 119:137; Luk 1:46, 47, 68, 69; Rom 11:33. (c) Ps 71:8;115:1.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 84:1, 4

1 Hoe lieflik is u wonings, HEER / der leërskare! Hoe begeer
my siel en hunker van verlange / om na Gods woning op te gaan
en in u tempelpoort te staan / met jubelende lofgesange.
My hart en vlees, o God, roep luid / tot U wat leef, verlangend uit.

4 Hul sal van krag tot krag steeds gaan / totdat hul voet in Sion staan:
geeneen wat daar nie sal verskyn nie. / Let, HEER der leërskare, let
op my geroep, hoor my gebed, / en laat my nie in druk verkwyn nie.
Leen my 'n toegeneë oor; / o Jakobs God, gee my gehoor!

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 30 Desember 2007 (aand)